27 Oktober 2019

h a l l o.Hoogland

Geloof deur liefde tot dade

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | www.facebook.com/pehoogland

Baie welkom by vanoggend se spesiale Hervormingsdiens

Nuwe intrekkers en -lidmate

Indien jy 'n nuwe intrekker of lidmaat in die gemeente is, wil ons net sê -

baie welkom in die Hooglandfamilie !!

Meld asseblief in die voorportaal by die hoofdeur aan vir enige navrae. Neem gerus 'n ***"Nuwe Lidmate"*** koevert in die brosjurevakkies of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za. Kom geniet 'n lekker koppie koffie in die voorhuis na afloop van die erediens. (*Net links van die hoofingang in die voorportaal.)*

Gaan gerus ook na Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za onder EK WIL... en dan 'N LIDMAAT WORD en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

Baie seën aan al die Matrieks vir die komende week se vraestelle.

Hoogland bid getrou saam...

Baie welkom by Hoogland vandag!

Program vir die dag
Hervormingsfees

08:30 Oggenddiens: Ds Pieter Nel

Deurkollekte: Buffelsfontein
(finansiële ondersteuning vir Buffelsfontein Aftreeoord)

Gebedsgeleentheid: na die diens in die moederskamer. Almal is welkom.

Koffie: direk *na die oggenddiens* in die saal en weer *voor die aandbyeenkoms* in die Voorhuis.

09:30 Junior, Senior en Finalefase GVG

18:00 Aandbyeenkoms in die Voorhuis:
Ds Pieter Nel
Film: Luther
Tydsduur: Deel 1

Program vir die week

Maandag: 28 Oktober
19:00 Kerkraadsvergadering

Dinsdag: 29 Oktober
14:30 Vroue Bybelstudie

Woensdag: 30 Oktober
09:00 Buffelsfontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
18:45 Dissipelskapsreis

Donderdag: 31 Oktober
10:30 Woord werkgroep
18:00 *Coffee Talks* in die Jeuglokaal

Vrydag: 1 November
05:30 Manne in geloof
(Interkerklike byeenkoms)

Die film sal oor 2 Sondae gekyk word. Trek dus gemaklik aan en bring selfs 'n kussing indien u dit sou verkies. Daar sal lekker springmielies en warm koffie wees vir al die "fliekgangers" .

4de Kwartaal tema : *DADE*

Laat weet gerus vir Leandra in die Kerkkantoor indien u by een van Hoogland se *DADE*-projekte vir die 4de kwartaal ingeskakel het. Enige groep of individue kan hier-by inskakel en so u geloof deur liefde tot *DADE* uit leef...
Kontak gerus die kerkkantoor indien u meer wil weet oor:

- Xhosa Bybel Projek - waar daar Bybelpakkette @R100 aangekoop word om te versprei onder huiswerkers, tuiniers of ander Xhosasprekendes.
- Izzy Poppie Projek - patrone is in die vakkies vir die brei van trauma poppies vir kinders & vrouens in oorloggeteisterde lande

- Boks vir 'n Boervrou Projek - vul 'n boks met beder-fies vir 'n boervrou en haar gesin in die droog-geteisterde gebiede.
- Isithembiso baba tehuis - is 'n tehuis vir wees babas
- Dierewelsynsorganisasie
- *Virtual Tea is* geleentheid waar u 'n kaartjie koop en op 2 No-vember so saam met die Rugby Wêreldbeker Finaal jou Tee geniet op jou eie tyd.

Ons missie is om *Linx Play School* (nie-winsgewende organisasie) (NPO181-155) (PBO9611419186) te bou wat die kinders by Links sosialebehuising in Walmer & Walmer informele woongebied sal dien. Dit sal 'n ECD (early Childhood development) centre wees vir 3-6 jariges. Die #LINX VIRTUAL TEA is 'n fondsinsameilng vir hierdie projek. Vir navrae kontak asseblief vir Debbie Muller 072 374 6769.

Belangrike datums vir November 2019.

3 November	08:30 Senior Lofsangdiens
	17:00 Buffelsfontein Afsluitingsdiens
10 November	08:30 Famliediens & GVG Afsluiting
13 November	10:00 Gesamentlike Bybelstudie Afsluiting
17 November	18:30 Kerssangdiens
20 November	10:00 Dankie - sê oggend vir bedieninge / vrywilligers
24 November	08:30 Belydenisaflegging

Uit die hart ...

Die laaste Sondag in Oktober is Hervormingsondag, asook Bybel-sondag. Geskiedenis van die vertaling van God se Woord loop parallel met die Reformasie wat momentum begin kry nadat Martin Luther sy 95 stellinge op 31 Oktober 1517 teen die kerk se deur in Wittenberg vas gespyker het.

In 500 n.C. begin die Roomse kerk gevestig word as die enigste amptelike kerk. Op hierdie stadium was die Bybel in meer as 500 tale beskikbaar, maar die Roomse kerk sou geen Bybel in 'n ander taal as Latyn duld nie. Teen 600 n.C. was die Bybel slegs in Latyn beskikbaar. Gevolglik kon die *gewone* mens op straat nie die Bybel self lees en sien wat God se Woord leer nie. Hierdie situasie is deur die Roomse Kerk uitgebuit met persoonlike finansiële gewin as motief.

Martin Luther het die Reformasie verdere momentum gegee deur die Bybel uit Grieks en Hebreeus in Duits te vertaal - die gewone spreektaal van die dag. In 1534 is die vertaling klaar en die drukpers ontplof om die Bybel vir mense beskikbaar te stel.

Vandag het ons die voorreg om steeds God se Woord te lees. God se Woord het deur al die eeue se onstuimigheid van die kerk en menslike misbruik, steeds dieselfde gebly. Meer nog, God bly steeds dieselfde. Hy kom ons uit genade (*sola gratia)* red en die hand waarmee ons Sy gawe aanneem, is geloof *(sola fidé)*. Christus is die enigste Een wat ons gebroke verhouding met God herstel *(solus Christus)* en daarom kom al die eer God alleen toe....*(soli Deo gloria)*.

Ds Pieter